

21.4 BESWAARSKRIF GEREFORMEERDE KERKE CARLETONVILLE, BET-EL EN PRETORIA-MEINTJESKOP OOR DIE BESLUIT VAN SINODE 2009 – VROUE IN DIE BESONDERE DIENSTE

1. Besluit waarteen beswaar gemaak word

Daar word beswaar gemaak teen die volgende aspekte van die besluit, naamlik:

"10.16.2 Die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, is nie opsigself 'n belydenissaak nie.

10.16.3 Om hierdie redes (vgl 10.16.1 en 10.16.2) behoort besluitneming hieroor nie die eenheid van die kerke in gedrang te bring nie" (Acta 2009:664,666).

2. Beswaargrond

Die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, is 'n belydenissaak, en daarom bring dit die eenheid van die kerke in gedrang.

3. Motivering

3.1 In die NGB, art 30 bely ons as volg oor 'Die Regering van die Kerk':

Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons in die Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar is naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die Sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die Kerkraad te vorm. Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom hou en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word. Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare *persone* gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus gee (1 Tim 3). 1 Kor 4:1-2; 2 Kor 5:19; Joh 20:23; Hand 26:18; 1 Kor 15:10; Matt 5:14; Luk 10:16; Gal 2:8; Tit 1:5; 1 Tim 3.¹

Dit gaan in die besonder oor die frase "betroubare persone", in die laaste sin, wat bepaal word deur die voorskrifte wat die apostel Paulus in die brief Timoteus gee.²

Die voorskrifte in die brief aan Timoteus wat as Skriftuurlike begroning van NGB, art 30 dien, en wat die onderwerp van vroue in die besondere dienste aanraak, is as volg:

3.1.1 ¹¹ *Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid.* ¹² *Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou (1 Tim 2:11,12).*

3.1.2 *'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou – 1 Tim 3:2.*

3.1.3 *een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou – 1 Tim 3:4.*

3.1.4 *Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huis goed regeer – 1 Tim 3:12 (Ef 5:22-32; kyk 1 Tim 1:3).*

¹ Kyk die volgende twee bronne oor die oorspronklike uitgawes van die Nederlandse Geloofsbelydenis: Philip Schaff (ed.), *The Creeds of Christendom*, vol.1 (Grand Rapids, MI: Baker, 1998), p502-507; J.H. Bakhuizen van den Brink (samesteller), *De Nederlandsche Belijdenisgeschriften* (Amsterdam: Uitgeversmaatschappij Nederland, 1940), p11-24.

² "In zijn Instituut merkt Calvijn op: Hoedanige opzieners men behoort te verkiezen, zet Paulus op twee plaatsen (Tit.1:7, 1 Tim.3:1ev) uitvoerig uiteen" (ADR Polman, *Onze Geloofsbelydenis: Verklaard uit het verleden geconfronteerd met het heden*, vierde deel, Franeker: T. Wever, bl.30).

"De z.g. pastoraal brieven, die aan Timoteus en Titus, bevatten al de voorschriften, waaraan de herder en leraar, in navolging van Paulus en de ander apostelen, zich heeft te houden" (W.H. Gispen, *De Geloofsbelydenis der Nederlandsche Gereformeerde Kerken*, Kampen: Kok, p206).

3.1.5 *Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer – 1 Tim 5:17.*

Eerstens, die belydenis se begronding in die Skrif (“... ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus gee”, (1 Tim 3), dui duidelik daarop dat hierdie ‘betroubare persone’ (Frans: *personnages*)³ van NGB, art 30 ‘mans’ moet wees (Grieks: *anér* = ‘man’, kyk 1 Tim 3:2,12), en,

Tweedens, dui die oorspronklike Latyn (*virī fideles* = betroubare mans) duidelik daarop dat dit ‘mans’ (*virī*) moet wees. Die Latynse woord ‘vir’ (man) word eksplisiet gekies (en nie ‘homina’, *mens*, of ‘femina’, *vrou*, nie).⁴

Dus, die Skriftuurlike, teologiese en historiese konteks van NGB, art 30 wys daarop dat ampsdraers betroubare ‘mans’ moet wees, en nie ‘vrouens’ nie, en dat geslagtelikheid daarom ‘n duidelike rol speel in die verkiesing van ampsdraers.⁵

Implikasie: sou die Sinode oorweeg om die geslagtelikheid van NGB, art 30 te verander, dan beteken dit die geslagtelikheid van die Timoteus briewe waarin NGB, art 30 begrend is, ook verander of verwyder moet word, wat natuurlik in stryd sou wees met die oorspronklike Grieks.

4. Gevolgtrekking

Vroue in die besondere dienste is in stryd met wat ons bely in NGB, art 30 volgens die Skrif. Volgens NGB, art 30 kan "alles in die kerk" nie "behoorlik en ordelik geskied" wanneer van "die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus gee", afgewyk word nie.

³ Volgens die oorspronklike tekste dui 'betroubare persone' op 'betroubare manne'. Die oorspronklike Franse woord 'personnage' (*personnages* [manlik]... *fideles*) fokus nie op die 'geslagtelikheid' noodwendig nie, maar op die 'karakter' van die ampsdraers (soos art 30 ook uitwis met die woord 'betroubare'). Die geslag van die naamwoord is dus nie *alleen* deurslaggewend opsigself nie.

⁴ Ds. Daniel Hyde van die *United Reformed Churches in Northern America* (URCNA) se verklaring by art 30 is as volg: "Before moving on in our exposition, it should be noted well that the Confession speaks of the offices of pastor, elder, and deacon as being filled by "faithful men." Not only is the noun in the French text, *personnage*, masculine, but also the noun in the Latin text is even more explicit, *virī*, which is the word for a *man*. This is the confessional position, which the Form for the Ordination of Elders and Deacons clearly states in the exposition of the office of deacon. The Form says because the apostles were overburdened, "certain men were chosen," as the text of Acts 6 makes clear. The Confession and the Form follow the basic biblical texts. In Acts 6:3 the word that is used for the men who were chosen to serve focuses on *the idea of male*, rather than the generic man. Paul says in 1 Timothy 3:12 that the deacon "must be the husband of but one wife" and also refers to "their wives" in verse 11. Further, 1 Timothy 2:12 teaches that a woman cannot be an office bearer since she cannot teach or have authority over a man. There were, of course, many women in the New Testament churches that served the Lord in the setting of the church. Phoebe is one of these. She is called "our sister . . . a servant (*diakonos*) of the church in Cenchrea" (Romans 16:1). Tabitha, also called Dorcas, is called "a disciple . . . who was always doing good and helping the poor" (Acts 9:36). In Ephesus, and perhaps in other churches, there was a "list of widows" of those who were over sixty years old and devoted themselves "to all kind of good deeds" (1 Timothy 5:9–10)" (*With Heart and Mouth: An Exposition of the Belgic Confession*, Grandville MI: Reformed Fellowship, pp.409,410).

⁵ Calvyn skryf: "Christus se woorde is trouens duidelik: 'Gaan, leer al die nasies en doop'. Omdat Hy dieselfde mense as verkondigers van die evangelie en as bedienaars van die doop aangestel het, en niemand in die kerk behalwe een wat daartoe geroep is soos Aäron, volgens die getuigenis van die apostel, homself hierdie eer mag toe-eien nie, maak iemand wat sonder 'n wettige roeping die doop bedien, inbreuk op 'n ander se amp. Paulus roep duidelik uit dat alles wat ons met 'n twyfelagtige gewete aanpak, selfs in die geringste dingetjies, soos in kos en drank, sonde is. Gevolglik word daar in die geval van doopbediening deur 'n vrou baie swaarder gesondig terwyl die reël wat deur Christus gegee is, openlik daardeur geskend word. Ons weet immers dat dit sonde is om dit wat God saamgevoeg het, uitmekaar te skeur." (Oorgeneem uit: Calvyn, J., Simpson, H., vertaal deur, & Brink C.M.M., t. (1998, c1991). *Institusie van die Christelike godsdiens*. In Volume 1 & 2 het L.F. Schulze ook gehelp met vertaling. (electronic ed.) (IV, xv, 20). Potchefstroom: Calvyn-Jubileum boekfonds: deel 4, hoofstuk 15, nr.20-22 (bl.1628-1631).

Gevolgt sal vroue in die besondere dienste daartoe lei dat die eenheid van die kerke in gedrang gebring word, aangesien kerke wat wil bly by die Heilige Skrif soos verwoord in ons Belydenis, nie meer aan meerdere vergaderings sal kan deelneem waar afgewyk word van die Heilige Skrif se voorskrifte nie.

5. Aanbeveling

Die Gereformeerde Kerke Carletonville, Bet-el en Pretoria-Meintjeskop versoek die Sinode om Sinode 2009 se 10.16.2 en 10.16.3 (*Acta 2009:664,666*) te herroep en te vervang met die volgende bewoording:

Die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, is 'n belydenissaak, en daarom sal besluitneming hieroor wel die eenheid van die kerke in gedrang bring.